**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. 43/2003

In die appèl tussen:

**BETHUEL DUMAKO** Appellant

en

**RASELINA MANGCWATYWA** Respondente

---

**CORAM:** **MALHERBE R.P. *et* WRIGHT R**

---

**AANGEHOOR OP:** **10 MEI 2004**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **MALHERBE R.P.**

---

**GELEWER OP:** **13 MEI 2004**

---

Appellant was die onsuksesvolle eiser in die Landdroshof, Kroonstad in ‘n saak waarin hy skadevergoeding van respondente gevorder het voortspruitende uit ‘n motorbotsing. Die botsing het gedurende Julie 2000 by die huurmotorstaanplek in Kroonstad plaasgevind tussen appellant se Toyota motor wat hy self bestuur het en ‘n Datsun kombi wat aan respondente behoort het en deur haar werknemer, Pieta Radebe, bestuur is in die uitvoering van sy pligte as huurmotorbestuurder. Appellant se saak was dat die skade aan sy motor R10 226,75 beloop het

en dat die botsing veroorsaak is deur die nalatigheid van Radebe. As alternatiewe skuldoorsaak het hy beweer dat respondente op die dag van die botsing mondeling teenoor hom onderneem het om die skade aan sy motor te betaal. Radebe se beweerde nalatigheid asook respondente se beweerde onderneming is in geskil geplaas.

By die aanvang van die verrigtinge het die partye se onderskeie prokureurs die Landdros meegedeel dat hulle ooreengekom het

> "dat die saak aanvanklik net op die meriete aangehoor sal word en sal die *quantum* dan oorstaan vir later."

Die Landdros het aldus gelas. Na aanhoor van die getuienis en argumente het hy sy bevinding soos volg genotuleer:

> "Absolusie van die instansie word toegestaan met koste."

Dit is teen hierdie bevinding wat appellant nou in hoër beroep kom.

Namens respondente voer Mnr. Reinders *in limine* in sy hoofpunte van betoog aan dat die Landdros se bevinding nie appelleerbaar is nie. Vir hierdie submissie steun hy op die beslissing in **STEENKAMP v SOUTH AFRICAN BROADCASTNG CORPORATION 2002 (1) SA 625 (HHA)**. In daardie saak het die eiser ook skadevergoeding in die Landdroshof gevorder en is die meriete en *quantum* komponente van die

saak ook geskei. Die Landdros het in eiser se guns beslis op die meriete. Voordat die *quantum* beslis is, het die verweerder geappelleer teen die Landdros se bevinding op die meriete. Die Hoogste Hof van Appèl bevind dat daardie bevinding van die Landdros nie appelleerbaar is nie omdat dit nie

> "die uitwerking van 'n finale vonnis"

het nie soos bepaal in artikel 83(b) van die Landdroshowewet (Wet Nr.32 van 1944). Die Landdros se bevinding in die onderhawige saak het egter wel die uitwerking van 'n finale vonnis omdat dit vir die appellant finaal in hierdie aksie in die Landdroshof sê dat hy onsuksesvol is. Daarom meen ek dat respondente se betoog *in limine* nie kan slaag nie. Mnr. Reinders het tereg nie daarmee volhard in sy mondelinge betoog nie.

Dit is nie maklik om op die getuienis 'n betroubare prentjie van die toneel en die botsing te vorm nie. Daar is geen foto of betroubare plan van die toneel ingehandig nie. Boonop het die swart getuies nie van 'n tolk gebruik gemaak nie en is dit duidelik dat Afrikaans nie hulle eerste taal is nie. Die Landdros het 'n inspeksie ter plaatse gehou en self 'n rowwe skets van die toneel geteken (Bewysstuk "A"). Hierdie skets toon die windrigtings aan en toon ook aan dat Reitzstraat en Stasiestraat beide van wes na oos loop, d.w.s. parallel met mekaar. Tussen Stasiestraat aan die noordekant en Reitzstraat aan die suidekant is onreëlmatige verkeerseilande wat rofweg ongeveer noord-suid loop en wat die huurmotorstaanplek aan die oostekant van die betrokke plein as 't ware

afskei van ander verkeer wat meer na die westekant van die plein beweeg. Tussen hierdie verkeerseilande is daar 'n opening (E-F) waardeur slegs een motorvoertuig op 'n keer met gemak kan beweeg. Ongeveer 10 meter suid van hierdie opening is 'n "GEEN TOEGANG" teken op die verkeerseiland aangebring wat na die westekant wys. Hierdie teken verbied blykbaar verkeer om van wes na oos deur die opening E-F te ry. Eiser se saak is egter dat hierdie opening juis toegang verleen tot die huurmotorstaanplekke van wes na oos en dat verkeer nie van oos na wes deur daardie opening mag ry nie. Sy saak is verder dat hy nie by daardie opening wou indraai nie maar oppad was om daar verby te ry van suid na noord toe Radebe met die betrokke kombi vanaf oos na wes, d.w.s. vanaf sy regterkant, deur die opening ry en in sy motor vasry. Hy beskryf die skade aan sy voertuig soos volg:

> "Hy was hierso by die laste van die voorste wiel. As ek sou ......
> Regs voor ...... Regs. As ek sou probeer daar ingekom het, meneer, dit sou 'n head on collision gewees het. Ons sou kop-aan-kop gestamp het, ek en die man, want hy het my nou by my sykant gevang. Hulle het verbygery."

Die kwotasie waarop appellant gesteun het om sy skade te bewys, is by die pleitstukke aangeheg en maak voorsiening vir die "supply and fit" van die volgende onderdele:

> "Front bumper
>
> Right front fender
>
> Bonnet
> Right front headlamp
> Headlamp cover
> Bonnet cover
> Front grill valance
> Grill
> Right front indicator
> Right front headlamp panel
> Radiator cradle
> Repair magrim
> Right front inner tray
> CCA
> Spray parts."

Hieruit blyk dit na my mening dat die skade aan die voorkant en die regter sykant van die motor was wat *prima facie* meer ooreenstem met Radebe se weergawe van die botsing.

Appellant se getuie, Joseph Nyangwa, beskryf die botsing soos volg in sy hoofgetuienis:

> "--- Wat het nou gebeur, die eiser met naam van Dumako het nou opgery in daardie pad, waarop nou die verweerder, die huurmotorbestuurder met die voertuig, met die kombi uitgekom het vanaf die huurmotorstaanplek en met die eiser se voertuig gebots.
>
> Toe die ongeluk gebeur, was beide voertuie in beweging gewees? --- Korrek.
>
> Die kombi voertuig het nie stilgestaan nie? --- Glad nie."

In kruisondervraging getuig hy soos volg:

> "So toe u nou die taxi sien wat van die kant af kom, het u gesien toe

> hy en die Corolla mekaar stamp of het u daardie oomblik van die botsing nie gesien nie? --- Ek het net daardie stampgeluid gehoor.
>
> So, u het dit nie gesien nie? --- Korrek.
>
> Want dit is mos so, eers as ‘n mens die slag hoor, dan kyk ‘n mens waar is dit. Is dit nie so nie? --- Dit is korrek.”

Radebe se weergawe van die botsing is dat hy met die kombi by punt “C” op die sketsplan stilgestaan het met die neus van die kombi in ‘n westelike rigting, toe appellant se motor met die kombi bots. Hy beskryf die botsing soos volg in sy hoofgetuienis:

> “ Vertel vir ons hoe die ongeluk plaasgevind het daarso. --- Ek het nou, die rede waarom ek nou daar gaan staan het is omdat ek nou eiser se, die kar sien daar aankom vanaf suid na noord toe. En ek het vir hom gewag om daar verby te ry om in die pad toe te begin ry.
>
> En toe? --- Hy was nou ‘n paar meter voor my gewees het. Toe ek hom sien aan die linkerkant kyk, omkyk, toe ek sien hom links omkyk. Toe merk ek hom, toe sien ek dat sy voertuig, eiser se voertuig na myne toe aan kom ry, nog reeds omgekyk. Toe stamp hy vir my op my regterhoek van my voertuig. Onmiddellik daarna, as gevolg van daardie slag, hy het toe nou gemaak, soos die getuie so pas gedemonstreer. My linker agter buiteband het bo die randsteen opgery as gevolg van die stampery.”

Wat die skade aan appellant se voertuig betref, sê hy die volgende:

> “ Sê vir my, waar was sy skade gewees by sy voertuig as jy nou hier na

> die voorkant van die voertuig kyk. Waar was sy skade? --- Die hooflig, die regter hooflig, modderskerm. Die regter voorwiel modderskerm en ook die flikkerlig. En ook die punt van die enjinkap.
>
> As ek mooi vestaan het u kombi so gestaan en hy het u op u regterkant van die kant gestamp. --- Korrek, omdat die kombi wat ek gery het, waarmee ek gewerk het, het nou 'n bull-bar gehad en die bull-bar se punt het nou daar in die hooflig en ook die modderskerm getref.
>
> So as ek nou mooi verstaan dan het mnr. Dumako jou amper misgery? --- Korrek, maar as hy net sy oë in die pad gehad het, hy sou nooit vir my gestamp het nie.
>
> So, wat ek verstaan, as u so in die staan het hy so verby gery en hy het u se voor regterkant so, as ek nou die woord kan gebruik, so ge-"scratch". --- Korrek, as hy mooi gekyk het."

Die ooggetuie wat namens respondente getuig het, Isaia Ramokopo, staaf Radebe se weergawe dat die kombi by punt "C" stilgestaan het toe die botsing plaasgevind het.

Respondente het appellant se weergawe dat sy onderneem het om sy skade te vergoed, uitdruklik ontken.

Namens appellant voer mnr. Claasen aan dat Radebe se beweerde nalatigheid sowel as respondente se onderneming om appellant se skade te vergoed, op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys is. Wat die nalatigheidsaspek betref, aanvaar hy blykbaar dat die punt van botsing by punt "C" op die sketsplan was en dat Radebe daar stilgestaan het ten tyde van die botsing. Sy betoog is dat die kombi daar 'n obstruksie gevorm

het vir verkeer van noord na suid en dat Radebe se versuim om die obstruksie te verwyder of om die aankomende appellant teen die obstruksie te waarsku deur byvoorbeeld te toet, nalatigheid daarstel.

Ek stem nie saam nie: Eerstens, was dit nooit appellant se saak tydens sy getuienis nie. Sy saak was dat hy van suid na noord beweeg het; dat die kombi van oos na wes beweeg het en in hom vasgery het by punt "D" op die sketsplan. Tweedens, is dit ook nie appellant se saak op die pleitstukke nie. Derdens, is 'n voertuig met sy voorkant by punt "C" nie 'n obstruksie vir verkeer wat van suid na noord beweeg nie, maar dit is wel 'n obstruksie vir 'n voertuig wat by die opening tussen die verkeerseilande wil indraai van wes na oos omdat die opening (E-F) net een voertuig op 'n slag met gemak kan deurlaat.

Op die getuienis as geheel is dit nie moontlik om te bevind dat voertuie nie van oos na wes deur daardie opening mag gery het ten tyde van die voorval nie.

As die punt van botsing by punt "C" is, is dit oorweldigend meer waarskynlik dat appellant by die opening wou indraai of dat hy nie sy oë op die pad gehou het nie soos Radebe getuig as dat hy van suid na noord oppad was na Stasiestraat soos hy getuig. Minstens kan die Landdros se onsekerheid oor hoe die botsing plaasgevind het nie met enige mate van

oortuiging gekritiseer word nie. Anders gestel: Ek kan nie bevind dat die Landdros se beslissing van absolusie van die instansie foutief is nie.

Dieselfde geld vir respondente se beweerde onderneming om appellant se skade te vergoed. Ek meen dat dit uiters onwaarskynlik is dat respondente sou onderneem het om appellant se skade te vergoed sonder dat sy hoegenaamd geweet het hoeveel dit beloop.

Gevolglik word die appèl afgewys met koste.

**J.P. MALHERBE, R.P.**

**EK STEM SAAM**

**G.F. WRIGHT, R**

**<u>Namens Appellant:</u>** Adv. J.Y. Claasen
i.o.v.
Naudes
Bloemfontein

**<u>Namens Respondente:</u>** Adv. S.J. Reinders
i.o.v.
Honey & Vennote
Bloemfontein

/scd